

God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

ds. PJ Kriel

12.10.2019

Inhoud Hierdie preek wys dat die Here sy kinders se sondes straf en bestraf as tugtiging. Die doel van die Here se tugtiging van sy kinders oor hul sondes is om die onsienlike dinge te kan sien: die Here as hul barmhartige Hoëpriester wat die enigste offer vir hul sonde, eens en vir altyd gebring het, om hulle vir sy liefde altyd heilig en volmaak te laat wees. Ons bring nooit weer offers vir ons sondes om ons vir God reg en goed te maak nie. Daarom straf en bestraf God nou ons as sy kinders se sondes om ons te keer om sonde as om geluk te glo en om ons heiligheid vir Hom te kan sien. Tug is nooit iets wat ons oor bly kan wees of verstaan nie. Dit is bedoel om ons aan ons roeping en diens aan God vas te hou. Die moderne Christelikheid wil 'n nuwe straflose tug sonder enige bestraffing deur God oor ons sonde instel omdat hulle nie meer weet wat is die onsienlike wat ons moet sien nie: God het ons vir sy liefde geheilig.

Skriflesing Hebreërs 2: 10,11,17,18; 10: 10 – 14; 12: 1 – 13

Teks Heb. 12: 7 en 8 Verdra dit as tugtiging, want God behandel julle as sy seuns, sy egte kinders.

Tema God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

Tug is 'n geloofsaak!

Dit is die geweldige verandering, die totale omwenteling wat Christus se offer vir ons sonde (Heb. 10: 12) bring in hoe God ons stop om ons sondes te doen en ons oor ons sondes aan te spreek. Dit is wat straf en bestraffing van sonde vir God se kinders beteken: Hy stop hulle om sondes te doen en spreek hulle oor hulle sondes aan.

Die kinders! Het julle al gedink hoekom stop jou ouers jou om stout te wees en wys jou na hulle jou gestop het hoe stout was jy was? Ons moet nie dink dit gaan hier allereers oor sondes wat jy weet jy mag dit nie doen nie en dit dan skelm agteraf doen om nie uitgevang te word nie. Dit gaan hier oor om iets te begin doen wat vir jou lekker, reg en 'n avontuur is, en dan kom jou ouers en wys jou wat jy doen is verkeerd en hulle stop jou om dit te doen!

Dit is soos 'n klein seuntjie wat sien die kratte wat rondlê lyk soos 'n berg waarteen hy kan uitklim en hy is die groot bergklimmer wat hierdie groot uitdaging gaan aanpak en op die top van die berg die held gaan wees, en dan kom ma terwyl hy met hierdie belangrike ekspedisie besig is en tel hom op en sê hy moet van die kratte afkom, hy gaan val en hy is stout om so op die kratte te loop, want dit is nie vir kinders om op te speel nie.

Kyk hoe goed verstaan die dominee wat vir ons die boek Hebreërs geskryf het! Hy sê dat wanneer dit gebeur voel jy dadelik jou ma wil nie hê jy moet gelukkig wees nie

God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

en sy maak jou doelbewus 'n ongelukkige kind wat nie jou bergtop kan uitklim nie. Hy stel dit so: "Op die oomblik lyk elke tugtiging wel nie of dit blydschap bring nie, maar droefheid."

Wanneer 'n ma of pa so iets met kleintjies doen, dan noem die Woord van die Here dit "tug". As hulle jou bergklimmery stop, vir jou sê die kratte is nie 'n berg nie en jy mag nie daarop speel asof dit jou bergavontuur is nie, dan tug hulle jou.

2. Wat dink daardie kleintjie wat so teen sy berg opklim om die held van die dag te wees wanneer sy pa of ma hom stop, afhaal en vir hom wys hy is besig om op kratte te klim en hy gaan seerkry, die kratte is nie sy berg nie? Hoekom dink en voel hy vat hulle sy bergavontuur van hom weg?

Ons maak altyd die fout om te dink dat kleintjies dink jy straf hulle nou en jy moet nou mooi verduidelik dat dit nie 'n straf is nie, maar dat jy eintlik besig is om hulle te help! Dit is glad nie so nie! Hulle dink nie eers aan iets soos straf wanneer jy hulle bergklimmery stop, hulle avontuur wegvat en hulle die geleentheid om 'n oorwinnaar en held te wees, vernietig nie.

Hulle voel en dink jy gun hulle nie geluk nie omdat jy nie vir hulle lief is nie! Hulle voel baie kwaad en hartseer omdat hulle dink jy is onregverdig en dit is jy wat verkeerd is want jy wil hul berg van hul wegvat en dit net 'n klomp gevaarlik opgestapelde kratte maak. Hulle dink glad nie jy straf of tug hulle nie. Hulle dink en voel jy wil net nie hê hulle moet gelukkig wees nie.

3. Daarom is dit totaal onbelangrik of jy nou probeer 'n verskil tussen tug en straf aan hulle verduidelik, soos ons al gewoon geraak het om dit te probeer doen.

Daarom maak die Woord van God ook nie regtig 'n verskil tussen die woorde "tug", "bestraf" en "straf" nie. Hebreërs gebruik al 3 hierdie woorde vir een en dieselfde ding: God sonde stop, keer ons in ons sonde en wys vir jou sonde wat vir jou berg is, is opgestapelde kratte!

Dit is mos hoekom julle hartseer en kwaad word vir jou ouers wanneer hulle jou keer, stop en wys jy is sommer met nonsens besig! Jy is hartseer omdat hulle jou nie liefhet nie, nie omdat jy glo hulle straf jou nie! Jy is kwaad omdat hulle onregverdig is en wat vir jou mooi is, wil sleg maak!

Daarom is die woorde "tug", "bestraf" en "straf" in hierdie gedeelte só belangrik. Want dit wys ons dat in al hierdie woord gaan dit om geloof.

Tug of bestraffing is 'n geloofsaak!

4. Kom ons kyk eers wat beteken die woord "bestraf" in Hebreërs!

God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

Ons kan tug net verstaan as ons die volgende ontdekking in die boek Hebreërs maak: die selfstandige naamwoord “bewys” in die sin in 11: 1, “die bewys” van die dinge wat ons nie sien nie” en die werkwoord “bestraf” in die sin “moenie moedeloos word wanneer jy deur God bestraf word nie”, is in Grieks presies dieselfde woord.

Om ’n bewys te hê en om bestraf te word, is een en dieselfde saak volgens die evangelie van Jesus Christus! So! God bestraf sy kinders sodat hulle weer ’n bewys kan hê van die dinge wat hulle nie kan sien nie.

Die “bewys van die dinge wat ons nie sien” nie en “om deur God bestraf te word” is een en dieselfde saak. Wat se saak? Hoofstuk 11 vers 1 stel dit duidelik: Die geloof is ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie, en God bestraf ons om die dinge wat ons nie sien nie ta kan glo!

God bestraf ons om weer ’n bewys te kan hê waarin ons glo!

5. Die volgende woord wat belangrik is om te verstaan in Hebreër is die woord “straf”.

Hierdie woord beteken om ’n pakslae te gee. Dit kan op geen ander manier verstaan word nie as dat jy iemand ’n pak slae gee. Hierdie woord is gebruik vir die pak slae waarvan Paulus praat in 2 Timoteus 11: 24 “Vyf maal et ek van die Jode die gebruikelike straf van nege en dertig houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry.” Dit was met wat ons vandag sal noem ’n rottang of ’n sambok.

Wat hierdie woord nog beteken is om swaar te laat kry, om te wroeg. Wroeg beteken om te wonder hoekom maak God dit nou vir my so swaar.

Straf is om deur die Here ’n pak slae te kry sodat jy kan wonder oor dit waarmee jy besig is. Dit is weer soos daardie kleintjie op daardie kratte. Die ma vat hom aan die arm, tel hom van die kratte af en gee hom ’n raps met die plathand op die boud – want sy weet hy is besig met die avontuur om teen daardie hoë berg uit te klim en sy gee hom pak sodat hy kan wonder of hy met sy bergklip ekspedisie besig is soos hy glo of besig is om op gevaarlike kratte rond te klouter soos sy sê.

6. Wie straf God op hierdie manier: om hulle pak te gee sodat hulle kan begin wonder en dink oor of hulle bergavontuur nie sommer net ’n klomp gevaarlike kratte is en hulle sommer net simpel prentjies in hulle koppe opmaak van kratte waarop hulle nie mag klim nie?

Kyk hoe duidelik stel die Woord van die Here dit: Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem.” (Heb. 12: 6) Die Here doen dit net met sy kinders wat Hy aangeneem het

God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

om in sy liefde te leef. Hy doen dit nie met mense wat hy nie as sy kinders aangeneem het om lief te hê nie.

Die eerste ding wat ons vanoggend uit ons gemoed, gevoel en gedagtes met kry is dat daar 'n verskil is tussen tug, bestraffing en straf wanneer God met sy kinders besig is.

Dit ontdek ons wanneer ons die betekenis van die woord “tug” in die boek Hebreërs ontdek. Verse 5 en 6 stel dit duidelik: Tug is bestraffing en tug is straf! Wanneer God sy kinders tug, bestraf en straf hy hulle. Tug is nie iets anders as straf nie en tug is nie iets anders as bestraffing nie. Tug is al twee saam: straf en bestraffing!

Nou moet ons kyk wat beteken die woord “tug”, want dit is 'n ander woord as die woorde “straf” of “bestraffing”.

Die kern van woord wat in Afrikaans hier met tug vertaal word beteken: om kind te wees. In Grieks is tug en kind in kern dieselfde woord! Daarom sal ons die woord tug in hierdie gedeelte goedskiiks kan vertaal met “kinderleiding”. Dan is dit amper soos in Grieks dieselfde – kind en kinderleiding, kind en tug! Daarom het die 1983 vertaling vers 7 só vertaal: “Verdra die tug as opvoeding!” Maar ons moet dit dan só hoor: Verdra die bestraffing en straf as tug, as kinderleiding! Die bestraffing en straf van 'n kind, is tug, kinderleiding! Tug en bestraffing of straf is nie twee verskillende sake nie. Tug is die bestraffing en straf van 'n kind!

Daarom mag ons nie vir onself hierdie onderskeid maak, ons tug net ons kinders, ons straf nie of bestraf ons kinders nie. Die tugtiging van die Here is om sy kinders te bestraf en te straf! Dit is mos presies hoe dit in Hebreërs 12: 5 tot 11 verduidelik word.

7. Hoekom sukkel die hele wêreld vandag om hierdie waarheid oor God te kan aanvaar – tug is wanneer God sy kinders straf en bestraf!

Want hulle weet nie meer wat is die dinge wat ons hoop en die dinge wat nie gesien kan word nie, en tug, straf en bestraffing, is 'n geloofsaak! Dit is omdat hulle nie meer weet wat die geloofsaak is, dat hulle nie meer God se straf en bestraffing as tug kan aanvaar nie, om straf en bestraffing as kinderleiding te kan aanvaar nie.

Die dinge wat ons hoop en die dinge wat nie gesien kan word nie – is Jesus wat die Leidsman en Voleinder van die geloof is. (12: 2) Deur die hele boek is dat die werklike saak wat aan ons verkondig word: Jesus is die Leidsman en Voleinder van die geloof wat nie gesien kan word en die hoop wat in ons harte leef.

Dit word so verkondig!

God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

Jesus is vandag saam met ons teenwoordig as Here aan die regterhand van die Vader! Hy regeer ons elke dag as Here wat teenwoordig is! (12: 2) Die wyse waarop die Here ons regeer is om ons barmhartige Hoëpriester te wees wat in ons plek deur versoek is, nie toegegee het aan sonde nie maar gehoorsaam was en toe gely het deur gestraf te word as ongehoorsame sondaar. (2: 17 – 18)

Die wyse waarop die Here met ons teenwoordig is, is om vir ons die Here te wees wat vir ons sondes geoffer is, sodat ons nooit weer vir ons eie sondes moet betaal nie.

8. Net Jesus is die offer vir ons sondes! Net hy betaal vir al ons sondes sodat ons nooit ooit vir enige sonde 'n betaling – 'n offer vir God moet gee nie!

Die Here se offer maak ons kinders van God wie vir God volmaak en volmaak is. Die Bybelse woord vir om volmaakte en volkome kinders van God te wees – is heilig. Kyk hoe wys Hebreërs wat maak Jesus se offer vir ons sondes ons vir God!

“Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd.” Heb. 10:10 en “Want deur die een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak.”

Jesus se offer vir ons sondes is só goed dat dit alleen ons vir God en sy liefde, en ons liefde vir God volkome en volmaak maak. God maak dat dit so is en vir altyd so bly deur die offer, dit is die betaling van Jesus Christus,

Dit is soos daardie ma met daardie kleintjie: haar kind is vir haar volmaak en haar kind se liefde deur al sy stoutigheid en woeligheid met sy waanbeelde, is vir haar altyd volkome volmaak. Daar is nooit vir haar iets verkeerd in hulle verhouding met mekaar nie.

9. Dit moet ons ontdek!

God straf en bestraf ons nie wanneer ons sondes doen omdat daar iets verkeerd is in ons verhouding met God nie. God maak en hou ons verhouding met Hom volkome en volmaak – eens en vir altyd deur sy offer. God straf en bestraf ons nog minder om te betaal vir wat ons verkeerd gedoen het. Die Here het alle betaling vir sondes afgehandel met sy betaling met sy liggaam vir ons sondes.

God straf en bestraf ons vir sondes, sodat ons die onsienlike sal kan sien en weer 'n bewys van die onsienlike dinge kan kry! En die onsienlike dinge waarvoor ons deur straf en bestraffing 'n bewys kry, is dat Hy ons barmhartige Hoëpriester by en met ons is, vir wie ons heilig en volkome is as sy kinders. Hy behandel ons as sy volmaakte en volkome kinders!

God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

Die Direkte Afrikaanse vertaling stel dit baie mooi: God straf en bestraf ons sondes omdat ons egte kinders van God is. As God dit nie met ons gedoen het nie, was ons sy onegte kinders! God gee ons die bewys van ons egte kindskap van God, die onsigbare dinge, deur ons te tug – ons te straf en te bestraf vir ons sonde. Kyk weer na hierdie sin: “Hy tug ons ons tot ons beswil sodat ons deel kan kry aan sy heiligheid.”(12:10) Ons word getug om deel te bly van ons volmaakte kindskap van die Here.

Kom ons kyk weer na daardie ma en kleintjie! Gryp sy hom van die kratte af, vertel hom om dit nie te doen nie en raps hom op die boud om hom te laat betaal vir sy stoutigheid en omdat hy nie ’n goeie verhouding met sy ma het nie?

Sy is glad nie besig om hom te laat betaal, te laat boet vir sy stoutigheid nie of hulle slegte verhouding te probeer reg kry nie. Sy is besig om haar volmaakte en volkome kind te keer om seer te kry! Sy is besig om hom so te straf en bestraf dat hy nie teen sy berg kan opklim nie en moet wroeg oor wat is nou regtig die waarheid: sy geloof in sy berg of haar verduideliking dat dit gevaarlike kratte is waarop sy gaan seerkry.

Tug, die Here wat ons bestraf en straf oor ons sonde, is altyd ’n geloofsaak. Daarin moet ons sien dat die Here ons nie laat betaal vir sondes of ons wys daar is fout met sy lief en ons liefde nie, maar dat Hy my ’n bewys gee dat Hy my barmhartige Hoëpriester is wat my vir sy liefde volkome en volmaak laat wees.

10. Moet ons gelukkig voel oor die Here se tugtiging van ons sondes omdat ons verstaan hoekom die Here ons straf en bestraf?

Dink u die Woord van God wil dit vir ons wys: jy voel nie gelukkig wanneer die Here jou tug deur straf en bestraffing nie, maar later sal jy daaroor baie bly voel, of jy voel nou die Here is nie lief vir jou en gun jou nie ware geluk nie, maar later sal jy dit verstaan?

Wat gebeur later na die tug, die straf en bestraffing volgens die Bybel?

Wat later gebeur is nie dat jy bly word oor die staf en bestraffing nie of dit verstaan nie! Wat later gebeur is dat dit vreugdevolle vrug bring, die vrug van geregtigheid! Dit beteken dieselfde as heiligheid: die vrug van ’n lewe wat vir God reg en goed is, omdat Hy vir jou deur sy offer vir God reg en goed maak.

Wat is hierdie vrug?

Dit is in die hele hoofstuk 11 verduidelik! Dit is om besig te kan wees met dit waarvoor God jou bestem en gemaak het.

God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

Wat gebeur met 'n kleintjie wat 'n ma van die kratte af haal en bestraf? Hy kry nie seer nie en kan more gaan bulletjie rugby gaan speel, sonder enige beserings! Hy kan gaan doen wat klein seuntjies voor gemaak is, bulletjie rugby en nie om kratte uit te klim omdat hy dit as 'n avontuur sien nie.

11. Daarom is daar nie so iets soos om oor tugtiging, straf en bestraffing van ons sondes bly te wees later of dit later te vertaan nie. Ons moet ons daaraan onderwerp!

Uit respek vir ons geestelike Vader onderwerp ons aan sy straf en bestraffing vir ons sondes! (Heb. 12:9)

Wat is hierdie onderwerping?

Onderwerping is nie gedienslike en gedweë insiklikheid omdat jy magteloos is om iets te kan doen nie. Dit is hoe goddeloses hulle aan straf en bestraffing onderwerp: hulle gee oor aan die mag van God dat hy nou maar met hulle kan doen wat Hy wil omdat Hy so groot en magtig is.

Onderwerping is om God se tug, sy straf en bestraffing van sonde, te aanvaar as bewys van die onsienlike dinge! Om sy tug te aanvaar as bewys daarvan dat ek vir hom heilig en volkome is, dat Hy my barmhartige Hoëpriester is wat die enigste offer, eens en vir altyd vir my sondes was. Om sy tug te aanvaar is om die onsienlike te glo dat Hy my beskerm en behou vir my roeping en diens terwyl ek ongelukkig voel en nie verstaan hoekom Hy my bestraf en straf nie.

Dit is weer soos in ons voorbeeld! Wanneer daardie ma daardie kleintjie keer en raps, dan huil hy en is hy ongelukkig, maar sy ma tel hom op en gee hom 'n drukkie sodat hy weer die onsienlike kan sien en dan hardloop hy en gaan speel weer verder.

Onderwerping is net dit! Die geloof in die Here wat my straf en bestraf dat daar niks verkeerd is nie met my as kind vir Hom en dat ek heilig vir sy liefde is en bly! Dit is nooit om gelukkig te raak oor of om te verstaan wat God se straf beteken nie. Dit is om sy straf en bestraffing te aanvaar in die geloof dat hy my vir Hom heilig en volkome laat bly, en net weer met my roeping en diens vir God voortgaan.

Kom ons aanvaar God se straf en bestraffing van ons sondes, hoe Hy ons keer om te doen wat ons wil en ons daarvoor aan te spreek, as bewys van die onsienlike dinge: ons is vir Hom sy heilige en volkome kinders!

Skrifuitleg

God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom

- Hebreërs 11: 1 ελεγχος en Hebreërs 12: 5. selfstandige naamwoord: vaste innerlike oortuiging, werkwoord: om te oortuig, uit te wys, te openbaar en aan die lig te bring.
- παιδευω om op te voed, regte leiding te gee,
- μαστιγωω om pak slaag te gee, om te wroeg met.
- d bewys” van onsigbare dinge, is dieselfde woord as “bestraf” – om so openlik te stel en aan die lig te bring dat dit tot ’n vaste innerlike oortuiging lei.
- Die opvoeding en bestraffing gaan oor mense te oortuig om as regverdiges uit die geloof te leef (Heb. 10:38), om te bly glo tot behoud van die lewe (10:39) en na heiligmaking te streef. (Heb. 12:14)
- Tug – is opvoeding deur die regte leiding te gee.
- Die dinge wat nie gesien word nie – is Jesus as Leidsman en Voleinder van die geloof: 12: 2.
- Tugtiging is om so op te voed dat jy glo Jesus is heilig en heilig jou as barmhartige hoëpriester Heb. 2: 11 en 17; 10: 14.
- Tug is wyse waarop God ons teenwoordige Vader bly.
- Deur liefdevolle oordeellose tugloosheid is God die afwesige Vader.